**HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK**

- Jy kan hierdie hersieningsboek gebruik om vir Toets 1 in Kwartaal 1, sowel as vir die eksamen voor te berei.

- Oefen om die leesbegripteks met 'n potlood te lees: maak notas in die kantlyn terwyl jy lees, omkring en onderstreep belangrike woorde en uitsprake. Doen dit met die eerste teks oor emoji sowel as met die tweede teks oor mindfulness.

- Laat die eksamenwenke by die leesbegripvrae jou lei indien jy 'n vraag nie verstaan nie.

- Neem ander advertensies en strokiesprente in koerante en tydskrifte en probeer jou eie "afleivrae" daaroor opstel en beantwoord.

- Pobeer eers om die vrae op jou eie te beantwoord voordat jy na die memorandum kyk. Onthou ook dat jou antwoorde nie presies soos dié in die memorandum hoef te wees nie, solank dit nog steeds dieselfde betekenis oordra.


## LEESBEGRIP

## HOE OM DIE LEESBEGRIPTEKS TE LEES

- Lees eers die titel - dit werp lig op die inhoud en die doel van die teks.
- Lees daarna elke paragraaf afsonderlik deur en skryf elke keer in die kantlyn neer hoe die paragraaf by die titel aansluit. Jy lees dus met 'n potlood in die hand.
- Lees die vrae een keer deur.
- Lees die stuk WEER deur, omkring moeilike/vreemde woorde. Probeer die betekenis aflei deur die voorafgaande en die daaropvolgende sinne weer te lees.
- Lees nou WEER die vrae en ondersteep die sleutelwoorde.
- Onderstreep die antwoorde in jou leesstuk en nommer dit dieselfde as jou vrae.
- Formuleer nou jou finale antwoord en skryf dit neer.

Kom ons oefen om kantaantekeninge te maak terwyl ons lees:

**'n Prentjie = 1 000 woorde**

1. Hoe sal jy Covid-19 as 'n prentjie uitbeeld? Wel, daar is  en  .

emoji al 2 2. As jy dink ons praat nou in tale, het jy sekerlik die afgelope twee dekades in die Amasone dekades
reënwoud geskuil. Strokiesprentagtige gesiggies ... hande wat goedkeurend klap ... Dis gebruik; vandag alles
deel van jou (digitale) sosiale lewe. Die see van emoji wat op net mooi alle twee soorte
sosiale digitale platforms voorkom, is die perfekte leestekens om jou vreugde, hartseer en lewens skaterlag in 'n
~~teksboodsk~~ap uit te druk.

3. Onder die meer as 3 000 beskikbare emoji is daar egter nie een wat aandui hoe die 
~~coronavirus~~ met ons koppe gesmokkel het nie. Maar voila! In 2021 verskyn Nuwe emoji op ons
sleutelborde. ~~geskep~~; rol
van die
Unicode 4. Die gesiggie met die spiraaloë is pas goedgekeur deur die Unicode Consortium, die Consor-
organsisasie sonder winsoogmerk wat nuwe emoji goedkeur en standaardiseer. Dit kan tium enigiets van **o jitte, sjoe, jislaaik, magtie** of **ek kan dit nie glo nie** uitbeeld.

Ooreenkoms
5. Die antieke Egiptenare sal hulle dalk slap lag vir die eenvoud van dié karikatuuragtige
en verskil tekeninge. Maar dis baie vinniger as hul hiërogliewe, wat dikwels tydrowend in rots tussen emoji uitgekerf
moes word. en
hiërogiewe

6. Dit is die vinnigste groeiende "taal" in die geskiedenis en word deur 92% van die aanlyn
~~bevolking~~ gebruik, volgens digitalinformationworld.com. Die webtuiste Emojipedia word 'n Statistiek dui
allemintige 33 miljoen keer per maand besoek. Oxford Dictionaries het in 2015 die gesig op die met
vreugdetrane as "woord van die jaar" aangewys. Nie sleg vir 'n foefie wat in die 1990's wydversprei-
de gebruik afgeskop het om Japannese tieners se aandag te trek nie. (Die woord "emoji" is van van emoji.
Japannees afgelei en beteken rofweg "prentjie" en "karakter". Die ooreenkoms met die Aanha- lingstekens? woord
"emosie" is toevallig.) Herkoms van die woord
"emoji"

[Aangepas uit ***Sarie***, Januarie/Februarie 2021]

## WOORDESKAT IN LEESBEGRIPVRAE

b) Watter neutrale woord kan die woord "liegstorie" in Raam 3 vervang? (1)
*Wenk: Jy moet weet wat emotiewe taal is en dat die teenoorgestelde daarvan "neutrale taal" is.*
**Antwoord: leuen**

c) Watter afleidings oor Neelsie se houding kan onderskeidelik uit sy liggaamstaal in Raam 1 en Raam 3 gemaak word? (4)
*Wenk: Liggaamstaal in'n visuele teks verwys na 'n karakter se gesigsuitdrukkings en liggaamshouding asook na die gebare wat hy/sy maak.*

**Strokiesprent 2**

**RAAM 1** **RAAM 2** **RAAM 3**




**RAAM 4** **RAAM 5** **RAAM 6**




a) Kyk na Raam 2. Verduidelik hoe die pa se lyftaal en sy uitspraak by mekaar pas. (2)
*Wenk: Hoe pas dit wat die pa sê by sy liggaamstaal?*

b) Watter inligting het Neelsie volgens Raam 3 verswyg? Wat is die doel met die weglating van hierdie inligting? (2)

c) *Wenk: Herlees Neelsie se woorde in Raam 1 en vergelyk dit met wat hy in Raam 3 sê. Inligting word om bepaalde redes bygevoeg of weggelaat.*

d) Watter gemoedstoestand van Meester word deur die uitroep "Mooi!" in Raam 5 aangedui? Watter visuele bewyse vir hierdie gemoedstoestand kom in Raam 5 voor? (3)
*Wenk: Hoe voel Meester terwyl hy die woord sê? Hoe pas Meester se liggaamstaal of gebare by hierdie woord?*

e) Watter visuele bewys is daar in Raam 6 dat Neelsie moedeloos is? (1)
*Wenk*: Kyk spesifiek na wat jy in Raam 6 kan **sien.** Jy moet 'n bewys van Neelsie se **gemoedstoestand** gee.

**MEMORANDUM VAN OEFENINGE OOR AFLEI-VRAE**

**ADVERTENSIE**

a) In reël 1 tot 3 word plante voorgestel en die advertensie handel oor tuingereedskap. (1)
b) Dit skep die verkeerde indruk dat die adverteerder enigiets sal terugkoop en nie net gehalte-items nie. OF Dit skep die indruk dat die adverteerder jou met onnodige goed sal oorlaai. (1)
c) Dit wil aantoon hoe goedkoop die tuingereedskap is.
Ja. Die visuele voorstelling in reël 4 dui aan dat die tuingereedskap so goedkoop is dat die vrou sommer 'n kruiwa vol gereedskap kon koop. (2)

**STROKIESPRENTE**

a) Die pa se oop mond en groot oë pas by sy uitroep dat die prestasie ongelooflik is. (2)

b) Neelsie het nie gesê dat hyself slegs 5% vir die wiskundetoets behaal het nie/ Neelsie het nie gesê dat hy en Jakobus gesamentik 95% vir die wiskundetoets behaal het nie. Daarmee wou hy by sy pa die indruk skep dat hy en Jakobus elkeen 95% vir die wiskundetoets behaal het. (2)

c) Meester is verbaas/ stomgeslaan. Sy oë is wawyd oop en sy hare staan orent. (3)

d) Hy hou sy ken met sy hand vas. (1)

**Sterkte en geniet elke leeroomblik!**